HOËRSKOOL
PAREL VALLEI
HIGH SCHOOL

KWIKSPAR
SOMERSET·LION'S SQUARE

# Die Hoërskool Parel Vallei en Kwikspar Somerset Lion's Square Gholfdag – NOU IN OKTOBER!

Die Hoërskool Parel Vallei is trots daarop om op **24 Oktober** sy jaarlikse gholfdag in samewerking met Kwikspar Somerset Lion's Square as hoofborg by die **Erinvale Gholfbaan** aan te bied. Met die ondersteuning van Kwikspar Somerset Lion's Square beloof die geleentheid om groter en beter te wees as ooit vantevore en ons nooi u uit om deel daarvan te wees.

Die sukses van so 'n geleentheid is afhanklik van die betrokkenheid van spelers en borge en ons wil u die geleentheid bied om ook betrokke te raak as besigheid of as individu. Die Parel Vallei-handelsmerk het gegroei tot 'n huishoudelike naam in die Wes-Kaap en dit sal wonderlik wees as u weer kies om ons op een van die volgende maniere te ondersteun:

- gholf speel deur 'n 4-bal in te skryf teen R4 500-00 (sluit middagete, aandete en veiling in);
- 'n borgskap: van R2 000 / R3 000 vir 'n putjie;
- 'n borgskap: pryse vir die gholfdag.

U kan verseker wees van wonderlike blootstelling en hope pret terwyl u terselfdertyd bydra tot die voortgesette verbetering van skoolfasiliteite by die Hoërskool Parel Vallei.

Gebruik gerus die inskrywingsvorm aangeheg. Betalingsbesonderhede is ingesluit. Antwoord asseblief per e-pos na die adres soos aangedui voor **25 September.**

Ons is opgewonde oor die vooruitsig van u betrokkenheid by ons gholfdag, hetsy as nuwe borg of 'n ou vriend van die skool. Die Hoërskool Parel Vallei en Kwikspar Somerset Lion's Square is ware Somerset-Wes-handelsmerke om op trots te wees. Ondersteun ons asseblief tot die voordeel van almal in ons pragtige gemeenskap!

Vriendelike groete.

DM SCHENCK
SKOOLHOOF

HOËRSKOOL
PAREL VALLEI
HIGH SCHOOL

KWIKSPAR
SOMERSET · LION'S SQUARE

# DIE HOËRSKOOL PAREL VALLEI EN KWIKSPAR SOMERSET LION'S SQUARE GHOLFDAG-INSKRYWINGSVORM

24 OKTOBER 2018 - ERINVALE GHOLFBAAN

**Ondersteun ons asb. deur:**

- 'n span van 4 spelers (R4 500.00 per 4-bal) in te skryf en / of
- 'n putjie te borg vir R2 000 / R3 000 (vir gate: 1,6,9,18).

FORMAAT: "shot gun start".

## SPANINSKRYWING teen R4 500.00

Naam van span: ______________________________

| Spelers | Selnr. | e-posadres | Voorgee |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |

**LET ASB OP**

- U inskrywingsvorm moet van die inskrywingsfooi vergesel word.
- 4-bal-inskrywingsfooi sluit "Halfway House" en aandete in.
- Sluitingsdatum vir inskrywings is **25 September 2018.**

## BORG ASB. 'N PUTJIE VANAF R2 000.00 – R3 000.00 (vir gate: 1,6,9,18)

| Naam | Selnr. | Gaatjienommer | Bedrag |
|---|---|---|---|
| | | | |

<table>
<tr><td rowspan="3">BANKBESONDERHEDE:</td><td>Hoërskool Parel Vallei</td><td>Alternatiewelik</td></tr>
<tr><td>ABSA Rekening: 2900141311</td><td rowspan="3">Betaal kontant of per kredietkaart by die PV-finansieskantoor.</td></tr>
<tr><td>Takkkode: 632005</td></tr>
<tr><td>NB:</td><td>Verwysing: spannaam en gholfdag</td></tr>
</table>

Stuur asb. u inskrywingsvorm met bewys van betaling na De Wet Schreiber by golfday@pvallei.co.za

****U plek sal slegs bespreek word as bewys van betaling ontvang is****